Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2016

# REKENINGKUNDE

**PUNTE:** **300**

**TYD:** **3 uur**

*IACCNA*

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en ŉ 15-bladsye antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die antwoordeboek wat voorsien word.
2. Waar van toepassing, moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien.
3. Nieprogammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
4. Jy mag 'n donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.
5. Waar van toepassing, maak alle berekeninge korrek tot een desimale punt.
6. 'n Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou. Ten einde goeie tydsbeplanning te beoefen, probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

| **VRAAG 1: 60 punte; 36 minute** | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Koste berekeninge - Vervaardiging** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Begrippe, koste berekeninge en grootboekrekeninge<br>• Eenheidskoste en gelykbreek ontleding |

| **VRAAG 2: 40 punte; 24 minute** | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekonsiliasies, Interne Beheer en BTW** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Krediteurerekonsiliasie<br>• BTW – begrippe en berekeninge<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Interne beheer en etiek |

| **VRAAG 3: 70 punte; 42 minute** | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Vaste bates en Finansiële state** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Begrippe, Inkomstestaat, Balansstaat en notas<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Waardevermindering, berekeninge, bestuur van vaste bates |

| **VRAAG 4: 40 punte; 24 minute** | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Vennootskappe - Grootboekrekeninge en Interpretasie** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Begrippe, Privaatrekening, Finansiële Aanwysers en Interpretasie |

| **VRAAG 5: 35 punte; 21 minute** | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Begrotings** | **Bestuur van hulpbronne**<br>• Voltooi en ontleed die Geprojekteerde Inkomstestaat<br>• Interne beheer prosesse |

| **VRAAG 6: 55 punte; 33 minute** | |
|---|---|
| **Hoofonderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Klubs, Voorraadstelsels en Probleemoplossing** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• Ledegeldrekening van 'n sportklub<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Deurlopende en periodieke voorraadstelsels<br>• Probleemoplossing |

## VRAAG 1: KOSTE BEREKENINGE - VERVAARDIGING (60 punte; 36 minute)

1.1 Kies 'n gepaste voorbeeld uit kolom B om te pas by die term in kolom A. Skryf slegs die letter (A tot E) teenoor die vraagnommer in die ANTWOORDEBOEK (bv.: 1.1.1 E).

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1.1 Verkoops- en verspreidingskoste | A Hout gebruik om banke te maak |
| 1.1.2 Direkte grondstofkoste | B Advertensiekoste |
| 1.1.3 Fabrieksbokoste | C Kantoor skryfbehoeftes uitgawe |
| 1.1.4 Administrasiekoste | D Fabriekshuur uitgawe |
| 1.1.5 Direkte arbeidskoste | E Produksielone |

(5)

1.2 **BEECUM BOUERS**

Beecum Bouers vervaardig skoolbanke. Die inligting voorsien, handel oor die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die volgende:

- Direkte grondstofkoste (6)
- Direkte arbeidskoste (7)

1.2.2 Voltooi die tabel vir **fabrieksbokoste**. (10)

1.2.3 Boek oor na die **Goedere-in-bewerkingrekening** in die algemene grootboek. (8)

1.2.4 Bereken die bruto wins verdien vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016. (8)

**INLIGTING:**

A. Voorraadsaldo's:

| | 29 FEBRUARIE 2016 (R) | 1 MAART 2015 (R) |
|---|---|---|
| Grondstowwe | 34 530 | 23 500 |
| Goedere-in-bewerking | 26 600 | 27 270 |
| Klaar produkte | 42 600<br>240 banke | 37 275<br>210 banke |

Kopiereg voorbehou 

B. Transaksies gedurende die jaar:

| | **(R)** |
|---|---|
| Kontant- en kredietaankope van grondstowwe | 488 400 |
| Vervoerkoste van grondstowwe | 14 230 |
| Beskadigde grondstowwe teruggestuur aan verskaffers | 8 600 |
| Kontantaankope van indirekte grondstowwe | 23 750 |
| Produksielone | ? |
| Salarisse en lone | 213 800 |
| Huuruitgawe | 278 400 |
| Versekering | 46 800 |
| Water en elektrisiteit | 134 900 |
| Diverse fabrieksuitgawes | 38 699 |

C. **Produksielone:**

| | |
|---|---|
| Aantal werkers | 5 |
| Gewone tyd (ure per werker) | 1 840 ure |
| Oortyd (ure per werker) | 77 ure |
| Tarief vir gewone tyd | R45,60 |
| Tarief vir oortyd | 1,5 keer normale tarief |

**Afrekkings en bydraes:**

| | **WERKER** | **WERKGEWER** |
|---|---|---|
| Pensioenfonds | 7% van basies | 9% van basies |
| Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) | 1% van basies | 1% van basies |

D. Verbruiksgoedere in die fabriek gebruik, R22 450.

E. Indirekte arbeid, insluitend alle voordele, beloop R81 000.

F. Die huuruitgawe moet in die verhouding 5 : 2 : 1 verdeel word tussen die fabriek, verkoopsdepartement en die kantoor.

G. 75% van die water en elektrisiteit moet aan die fabriek toegedeel word.

H. $\frac{2}{3}$ van die versekering uitgawe is vir die fabriek.

I. Gedurende die jaar is 8 000 banke vervaardig teen ŉ koste van R177,50 per eenheid. Banke word verkoop teen ŉ vaste verkoopprys van R250 elk.

1.3/…

## 1.3 ZONDO VERVAARDIGERS

Zondo vervaardig plastiekskryfbehoeftes-sakkies vir matrikulante. Die gegewe inligting is van hul rekords vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie.

**GEVRA:**

1.3.1 Bereken die bedrae aangedui deur **(a)** en **(b)** in die inligting. (4)

1.3.2 Verifieer die aantal eenhede vir die gelykbreekpunt vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2016 deur ʼn berekening te wys. (4)

1.3.3 Lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt en die vlak van produksie vir beide jare. Haal relevante syfers aan in jou kommentaar. (4)

1.3.4 Gee ʼn geldige rede vir die verandering in direkte grondstofkoste per eenheid. (2)

1.3.5 Gee EEN voorstel wat die besigheid kan gebruik om produktiwiteit en winsgewendheid te verbeter. Haal syfers aan. (2)

**INLIGTING:**

| | **30 JUNIE 2016** | | **2015** |
|---|---|---|---|
| | **TOTALE KOSTE** | **EENHEIDS-KOSTE** | **EENHEIDS-KOSTE** |
| **Vaste koste** | ? | 25,00 | 23,50 |
| Fabrieksbokoste | 224 640 | 18,00 | 17,00 |
| Administrasiekoste | **(a)** | 7,00 | 6,50 |
| **Veranderlike koste** | ? | ? | 59,50 |
| Direkte arbeidskoste | 349 440 | 28,00 | 25,60 |
| Direkte grondstofkoste | 374 400 | **(b)** | 25,00 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | 106 080 | 8,50 | 8,90 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aantal eenhede vervaardig en verkoop | 12 480 | | 11 800 |
| Verkoopprys per eenheid | R92,50 | | R83,00 |
| Aantal eenhede vir gelykbreekpunt | 12 000 | | 11 800 |

**60**

## VRAAG 2: REKONSILIASIES, INTERNE BEHEER EN BTW (40 punte; 24 minute)

### 2.1 KREDITEUREREKONSILIASIE

Dolphin Winkels het ʼn rekeningstaat ontvang van ʼn krediteur, Titan Verskaffers.

**GEVRA:**

2.1.1 Rekonsilieer die rekening van Titan Verskaffers in die Krediteure-grootboek van Dolphin Winkels, met die staat wat ontvang is. Toon negatiewe bedrae in hakies. (16)

2.1.2 Faktuur 780 op 12 Julie 2016, was vir goedere deur die eienaar aangekoop vir sy privaatgebruik. Watter advies kan jy hom gee oor hierdie transaksie? Haal ʼn gepaste AARP-beginsel aan in jou antwoord. (3)

2.1.3 Die interne ouditeur wil die interne beheer oor voorraad en krediteure verbeter. Gee TWEE beheermaatreëls wat hy kan oorweeg. (4)

**INLIGTING:**

A. **Krediteuregrootboek van Dolphin Winkels**
**Titan Verskaffers (K6)**

| DATUM | | BESONDERHEDE | FOL | DEBIET | KREDIET | SALDO |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Julie | 1 | Rekening gelewer/Saldo | a/b | | | 37 420 |
| | 5 | Faktuur Nr. 154 | KJ | | 7 830 | 45 250 |
| | 8 | Debietnota Nr. 43 | KAJ | | 520 | 45 770 |
| | 12 | Faktuur Nr. 780 | KJ | | 2 500 | 48 270 |
| | 16 | Tjek Nr. 887 | KBJ | 12 500 | | 35 770 |
| | | Korting ontvang | KBJ | 625 | | 35 145 |
| | 27 | Faktuur Nr. 991 | KJ | | 3 560 | 38 705 |
| | | | | | | |

B **Rekeningstaat ontvang van Titan Verskaffers**

**TITAN VERSKAFFERS**

Aan : Dolphin Winkels
Peddie

**Nr: 1123**
25 Julie 2016

| DATUM | | BESONDERHEDE | BEDRAG | SALDO |
|---|---|---|---|---|
| Julie | 1 | Saldo | | 37 420 |
| | 5 | Faktuur Nr. 154 | 8 730 | 46 150 |
| | 8 | Kredietnota Nr. 90 | (520) | 45 630 |
| | 16 | Kwitansie Nr. 6651 | (12 500) | 33 130 |
| | 24 | Kredietnota 112 | (375) | 32 755 |
| | 25 | Rente op agterstallige rekening | 248 | 33 003 |
| B&FW | | | | |

Staat sluit alle transaksies tot 25 Julie 2016 in.

C. **Addisionele inligting:**

(i) Faktuur Nr. 154 is verkeerd ingeskryf op die staat.

(ii) Die goedere teruggestuur op die 8ste is verkeerd in die krediteuregrootboek rekening oorgeboek.

(iii) Faktuur Nr. 780 in die krediteuregrootboek was vir goedere aangekoop van ŉ ander verskaffer, Titanic Winkels.

(iv) Titan Verskaffers het nie ŉ korting toegestaan met die betaling op die 16de nie, aangesien die betaling te laat was om vir die korting te kwalifiseer.

(v) Kredietnota Nr. 112 op die staat was ŉ fout op die staat. Goedere is nie deur die onderneming teruggestuur nie

(vi) Rente op die agterstallige rekening moet nog in berekening gebring word.

2.2 **BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)**

2.2.1 Dui aan of die volgende stellings **Waar** of **Onwaar** is.

(a) Alle formele besighede moet vir BTW geregistreer wees.

(b) Geregistreerde besighede moet hul BTW-opgawes elke maand indien.

(c) Salarisse en lone is van BTW vrygestel. (3)

2.2.2 Kies die korrekte antwoord uit die moontlikhede tussen hakies.

(a) BTW betaal aan verskaffers met die aankoop van voorraad, word (**BTW-inset / BTW-uitset**) genoem.

(b) BTW is betaalbaar aan (**SAID / SARB**). (2)

2.2.3 Bereken die ontbrekende bedrae in die gegewe tabel. Die standaardkoers vir BTW is 14%.

| BEDRAG, BTW UITGESLUIT | BTW BEDRAG | BEDRAG, BTW INGESLUIT |
|---|---|---|
| 14 500 | **(a)** | **(b)** |
| **(c)** | **(d)** | 40 584 |

(8)

2.2.4

| |
|---|
| Ernest Polle koop gereeld voorraad van Pinetown Groothandelaars. Die winkelbestuurder van Pinetown Groothandelaars het vir Ernest ŉ spesiale prys van R56 800, ( BTW ingesluit) aangebied, in plaas van die gewone prys van R76 200 vir handelsvoorraad, op voorwaarde dat Ernest kontant betaal en nie aandring op enige dokumentasie nie. |

- Watter advies het jy vir Ernest oor hierdie transaksie? Verduidelik. (4)

**40**

## VRAAG 3: VASTE BATES EN FINANSIËLE STATE (70 punte; 42 minute)

Die volgende inligting is geneem uit die rekords van Monday Handelaars, met vennote Mona en Daysee. Die finansiële jaar het geëindig op 29 Februarie 2016.

**GEVRA:**

3.1 Voltooi die volgende rekeninge in die algemene grootboek:

3.1.1 Opgehoopte waardevermindering op toerusting (12)

3.1.2 Bateverkope rekening op 31 Oktober 2015. (10)

3.2 Voltooi die nota tot die Balansstaat vir **Handels en ander ontvangbare bedrae**. (8)

3.3 Voltooi die **Inkomstestaat** vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (40)

**INLIGTING:**

A. Saldo’s en totale op 29 Februarie 2016 (tensy anders aangedui):

| | R |
|---|---|
| Geboue | 963 000 |
| Toerusting (kosprys) | 367 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2015) | 172 500 |
| Lening: Kewl Bank | 709 400 |
| Vaste deposito: Oryt Bank (8,5% p.j.) | 120 000 |
| Handelsvoorraad | 224 330 |
| Debiteurekontrole | 48 220 |
| Voorsiening vir oninbare skuld (1 Maart 2015) | 1 420 |
| Verkope | 852 000 |
| Koste van verkope (winsgrens is 50% op kosprys) | ? |
| Huurinkomste | 42 500 |
| Kommissie-inkomste | 19 440 |
| Diverse bedryfsinkomste | 7 760 |
| Rente op beleggings | 7 650 |
| Salarisse en lone | 141 360 |
| Verbruiksgoedere | 9 370 |
| Oninbare skuld | 3 980 |
| Versekering | 14 740 |
| Herstelwerk en onderhoud | 13 930 |
| Diverse bedryfsuitgawes | 10 660 |

Kopiereg voorbehou 

B. Die vaste bates bestaan uit Geboue en Toerusting.

Op 31 Oktober 2015, is ou toerusting ingeruil vir nuwe toerusting. Die transaksie is nie aangeteken nie. Besonderhede van die transaksie is as volg:

| | |
|---|---|
| Kosprys van die nuwe toerusting aangekoop | R165 000 |
| Kosprys van die ou toerusting ingeruil | R93 500 |
| Opgehoopte waardevermindering op hierdie toerusting op 1 Maart 2015 | R62 000 |
| Inruilwaarde ontvang | R29 600 |

Toerusting word verminder teen 20% p.j. volgens die verminderde saldo-metode.

C. Addisionele aansuiwerings nie in berekening gebring nie:

(i) Uitstaande debiteure van R3 220 moet afgeskryf word en die voorsiening vir oninbare skuld moet aangepas word tot 4% van debiteure.

(ii) Die huur vir Februarie is nog nie ontvang nie. Neem in ag dat die huurder ŉ R1 500 verlaging in huur gedurende November 2015 toegestaan is omdat herstelwerk aan die geboue gedoen is.

(iii) ŉ Brandversekeringspolis is uitgeneem op 1 Julie 2015. Die jaarlikse premie van R7 020 is ten volle betaal.

(iv) Die leningstaat vir Februarie 2016 toon ŉ uitstaande saldo van R742 000. Rente op lening is gekapitaliseer. ŉ Vaste paaiement, rente ingesluit, word betaal op die 27ste van elke maand.

(v) Rente op vaste deposito moet in berekening gebring word. Die belegging is gemaak gedurende Junie 2012. Rente word nie gekapitaliseer nie.

(vi) Die jaarlikse voorraadopname toon dat voorraad ter waarde van R2 460 vermis word.
Ongebruikte verbruiksgoedere beloop R880.

(vii) Herstelwerk aan die geboue vir R5 320 is verkeerdelik oorgeboek na die Geboue rekening.

**70**

## VRAAG 4: VENNOOTSKAPPE – GROOTBOEKREKENINGE EN INTERPRETASIE (40 punte; 24 minute)

Fountain Handelaars is ’n vennootskap wat deur vennote Lyanda en Keenan besit word. Die finansiële jaar eindig op 31 Augustus 2016.

**GEVRA:**

4.1 Voltooi die **Privaatrekening: Keenan** op 31 Augustus 2016. (9)

4.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Augustus 2016.

4.2.1 Vuurproefverhouding (4)

4.2.2 Skuld/ekwiteitsverhouding (3)

4.2.3 Persentasie opbrengs verdien deur die vennote (7)

4.3 Die vennote is bekommerd oor die likiditeitsposisie van die besigheid. Verduidelik waarom hulle so voel. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou verduideliking te steun. (6)

4.4 Lewer kommentaar oor die persentasie opbrengs deur vennoot Lyanda verdien. Behoort sy tevrede met hierdie persentasie te wees? Verduidelik en haal relevante finansiële aanwysers en/of syfers aan. (5)

4.5 Vennoot Keenan voel die besigheid behoort die lening te verhoog. Vennoot Lyanda wil nie meer skuld maak nie. Verduidelik kortliks wie jy sal ondersteun. Voorsien TWEE finansiële aanwysers (met syfers) om jou antwoord te motiveer. (6)

**INLIGTING:**

A. Saldo’s geneem uit die finansiële rekords:

| | 31 AUGUSTUS 2016 | 31 AUGUSTUS 2015 |
|---|---|---|
| Vaste deposito | 100 000 | 125 000 |
| Bedryfsbates, voorraad ingesluit | 165 600 | 176 200 |
| Voorraad | 62 200 | 54 000 |
| **Vennote se ekwiteit** | **1 700 000** | **1 270 300** |
| Kapitaal: Lyanda | 875 000 | 500 000 |
| Kapitaal: Keenan | 675 000 | 750 000 |
| Privaatrekening: Lyanda | 45 150 **(Kt)** | 12 400 **(Dt)** |
| Privaatrekening: Keenan | 104 850 **(Kt)** | 32 700 **(Kt)** |
| Verbandlening (12% p.j.) | 425 000 | 762 180 |
| Bedryfslaste | 66 240 | 58 700 |

B. Inligting uit die Privaatrekeninge-nota op 31 Augustus 2016:

| | VENNOOT LYANDA | VENNOOT KEENAN |
|---|---|---|
| Jaarlikse salaristoelae | 265 200 | 225 216 |
| Rente op kapitaal | 78 750 | 60 750 |
| Bonus | - | 13 784 |
| Onttrekkings vir die jaar | 322 400 | ? |
| Vennote se deel van oorblywende wins | 36 000 | ? |

C. Die totale primêre verdeling beloop R643 700.

D. Die vennote verdeel die oorblywende wins/verlies in die verhouding 2 : 1 onderskeidelik tussen Lyanda en Keenan.

E. Finansiële aanwysers op 31 Augustus:

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding | 2,5 : 1 | 3 : 1 |
| Vuurproefverhouding | **?** | 2 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | 11,2 keer | 9,4 keer |
| Gemiddelde debiteure invorderingstermyn | 38 dae | 33 dae |
| Skuld/ekwiteitsverhouding | **?** | 0,6 : 1 |
| Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 33,5% | 30,3% |
| Opbrengs verdien deur vennote | **?** | 40,5% |
| Opbrengs verdien deur vennoot Lyanda | 54% | 56% |
| Opbrengs verdien deur vennoot Keenan | 90% | 84% |
| Rentekoers op lenings | 12% | 12% |

**40**

**VRAAG 5: BEGROTINGS** **(35 punte; 21 minute)**

Die verkorte Geprojekteerde Inkomstestaat van Thando Handelaars vir die drie maande geëindig Desember 2016 word hieronder gegee.

**GEVRA:**

5.1 Lys TWEE items in die Geprojekteerde Inkomstestaat hieronder, wat nie in 'n Kontantbegroting sal verskyn nie. (2)

5.2 Voltooi die Debiteure Invorderingskedule om die totale bedrag wat na verwagting gedurende November 2016 van debiteure ontvang sal word, aan te toon. (7)

5.3 Bereken:

5.3.1 Verwagte verkope in Desember 2016 (3)

5.3.2 Die persentasie brutowins op verkope vir Oktober 2016 (3)

5.3.3 Die persentasie verhoging in huurinkomste (4)

5.3.4 Die persentasie kommissie om na verwagting elke maand te ontvang (2)

5.3.5 Die bedrag vir versekering vir elke maand (3)

5.3.6 Die leningsbedrag wat op 1 Desember 2016 terugbetaal sal word (5)

5.4 **Verwys na Inligting G** (begrote en werklike syfers vir November 2016): Lewer kommentaar oor die afwyking vir elke gegewe item. Voorsien EEN punt van advies wat die besigheid kan gebruik in elkeen van die gevalle. (6)

**INLIGTING:**

A. **Verkorte Geprojekteerde Inkomstestaat van Thando Handelaars vir die drie maande geëindig 31 Desember 2016**.

| | OKTOBER 2016 | NOVEMBER 2016 | DESEMBER 2016 |
|---|---|---|---|
| Verkope | 98 000 | 102 900 | ? |
| Koste van verkope | 78 400 | 82 320 | ? |
| **Bruto wins** | 19 600 | 20 580 | ? |
| **Ander bedryfsinkomste** | 12 220 | 12 465 | ? |
| Huurinkomste | 6 500 | 6 500 | 7 280 |
| Korting ontvang | 820 | 820 | 820 |
| Kommissie-inkomste | 4 900 | 5 145 | ? |
| **Bruto bedryfsinkomste** | 31 820 | 33 045 | 38 970 |
| **Bedryfsuitgawes** | | | |
| Salarisse en lone | 8 400 | 8 400 | ? |
| Versekering | ? | ? | ? |
| Waardevermindering | ? | ? | ? |
| Advertensies | 5 200 | 5 200 | 5 200 |
| Oninbare skuld | 1 800 | 1 960 | ? |
| Telefoon | 3 300 | 3 300 | 3 300 |
| Diverse uitgawes | 1 250 | 1 260 | 1 270 |
| **Bedryfswins** | | | |
| Rente op lening | 2 500 | 2 500 | 2 000 |
| **Netto wins (verlies)** | | | |

B. Alle verkope is op krediet. Na verwagting sal verkope met 20% in Desember styg.

C. Debiteure word 30 dae krediet toegestaan. Ontvangstes is gewoonlik as volg:

45% van debiteure betaal hul rekeninge in die maand van verkope
53% van debiteure betaal hul rekeninge in die maand wat volg op verkope
2% van debiteure word gewoonlik afgeskryf as oninbare skuld

D. Kommissie-inkomste is gewoonlik 'n vaste persentasie van verkope.

E. Die versekeringspremie word elke kwartaal betaal. Die laaste betaling van R2 400 is op 30 September 2016 gemaak.

F. Rente op lening teen 10% p.j. word aan die einde van elke maand betaal.

G. Die boekhouer het die werklike en begrote syfers vir die volgende items vir November 2016 voorsien:

| | **NOVEMBER 2016** | |
|---|---|---|
| | **BEGROTE BEDRAE** | **WERKLIKE BEDRAE** |
| Verkope | 102 900 | 82 320 |
| Advertensies | 5 200 | 1 500 |
| Telefoon | 3 300 | 5 450 |

**35**

**VRAAG 6: NIE-WINSGEWENDE ORGANISASIES, VOORRAADSTELSELS en PROBLEEMOPLOSSING (55 punte; 33 minute)**

6.1 **KLUBS – LEDEGELDREKENING**

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Fore! Gholf Klub vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2015.

**GEVRA:**

6.1.1 Voorsien die ontbrekende besonderhede aangedui deur **(a)** tot **(d)** in die Ledegeldrekening wat gegee word. (4)

6.1.2 Vul die ontbrekende bedrae in wat aangedui word deur **(e)** en **(f)** in die Ledegeldrekening. (4)

6.1.3 Bereken:

- Die fooie wat afgeskryf is op 31 Desember 2015 (3)
- Die aantal lede wat agterstallig was met hul ledegeld vir 2015 (3)
- Die bedrag wat vir Ledegeld-inkomste oorgedra moet word na die Inkomste en Uitgawerekening (8)

6.1.4 Die voorsitter voel dat lidmaatskap nie effektief beheer word nie.

- Voorsien bewyse uit die inligting wat die voorsitter se bekommernis staaf. (Gee TWEE punte.) (4)
- Voorsien TWEE voorstelle om hierdie probleem op te los. (2)

**INLIGTING:**

A. Inligting i.v.m. ledegeld:

(i) Die jaarlikse ledegeld is R2 400 per lid. Dit is verhoog met R300 p.j. op 1 Junie 2015. Lede wat voor 1 Junie 2015 betaal, betaal die ou fooi.

(ii) Op 1 Januarie 2015, was 280 lede by die klub geregistreer.

(iii) Die kasboek toon dat ou lede wat hul ledegeld betaal het, dit voor 1 June 2015 gedoen het.

(iv) 12 nuwe lede het by die klub op 1 Februarie 2015 aangesluit en 8 nuwe lede het op 1 Oktober 2015 aangesluit. Nuwe lede betaal slegs vir die oorblywende aantal maande in die eerste jaar van registrasie.

(v) 9 ou lede het gedurende Januarie 2015 bedank. Twee van hierdie lede het hul volle ledegeld reeds betaal. Die komitee het besluit om hul volle ledegeld terug te betaal.

(vi) Die uitstaande ledegeld vir 2014 moet afgeskryf word en hierdie lede moet van die klub se rekords afgehaal word.

(vi) Die komitee het ’n toekenning van R2 700 aan die sekretaresse goedgekeur. Sy het besluit dat dit teen haar ledegeld moet afgaan.

B. Die half-voltooide Ledegeldrekening:

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN FORE! GHOLF KLUB**
**LEDEGELDREKENING**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2015 Jan | 1 | **(a)** | | 31 200 | 2015 Jan | 1 | **(b)** | | 9 600 |
| Des | 31 | Vooruitontvange inkomste | | **(e)** | Des | 31 | Bank: 2014 | | 16 800 |
| | | **(c)** | | **(f)** | | | 2015 | | ? |
| | | Inkomste en Uitgawe | | **?** | | | 2016 | | 13 500 |
| | | | | | | | Opgelope inkomste | | 35 100 |
| | | | | | | | **(d)** | | 2 700 |
| | | | | | | | Ledegeld afgeskryf | | **?** |
| | | | | | | | | | |

## 6.2 VOORRAADSTELSELS

Bezzie se Sentrum verkoop materiaal en naaldwerk bybehore. Die besigheid gebruik die periodieke voorraadstelsel om voorraad aan te teken. Die finansiële jaar eindig op 31 Oktober 2016.

**GEVRA:**

6.2.1 Verduidelik EEN verskil tussen die deurlopende voorraadstelsel en die periodieke voorraadstelsel. (2)

6.2.2 Ontleed transaksies **(ii)** en **(iii)** volgens die rekeningkundige vergelyking. Voltooi die tabel wat voorsien word. Dui toenames (+) en afnames (-) aan vir bates, eienaarsbelang en laste. (8)

6.2.3 Bereken die koste van verkope vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2016. (8)

**INLIGTING:**

A. Voorraadsaldo 1 November 2015, R134 600.

B. Transaksies gedurende die huidige finansiële jaar:

| | | **R** |
|---|---|---|
| (i) | Kontant- en kredietaankope van handelsvoorraad | 622 400 |
| (ii) | Afleweringskoste vir handelsvoorraad per tjek betaal | 92 200 |
| (iii) | Beskadigde goedere teruggestuur aan krediteure | 45 300 |
| (iv) | Goedere geskenk aan plaaslike skool (fondsinsameling) | 5 500 |
| (v) | Goedere geneem deur eienaar vir persoonlike gebruik | 3 750 |
| (vi) | Koste van goedere teruggestuur deur debiteure, opgeneem in voorraad | 7 250 |

C. Voorraadopname op 31 Oktober 2016 toon daar is R98 350 se voorraad op hande.

## 6.3 BESTUUR VAN VOORRAAD – PROBLEEMOPLOSSING

Fundani Elektronika is ŉ kleinhandelaar wat motorbykomstighede verkoop. Die besigheid het takke in Queens, Cofimvaba en Tsolo.

Fundani, die eienaar, was bekommerd oor die verkope van ŉ spesifieke soort motorradio en het die syfers vir hierdie produk van elke tak aangevra.

Die gegewe inligting is vir die drie maande geëindig 31 Julie 2016.

**GEVRA:**

Identifiseer ŉ verskillende probleem vir elke tak, en haal relevante syfers aan vir elkeen. Voorsien ook ŉ moontlike oplossing vir die geïdentifiseerde probleme. (9)

**INLIGTING:**

Inligting aangaande die spesifieke soort motorradio:

| | QUEENS | COFIMVABA | TSOLO |
|---|---|---|---|
| Saldo van voorraad op 1 Mei 2016 | 230 | 160 | 85 |
| Aantal eenhede verkoop vir die periode | 180 | 40 | 85 |
| Saldo van voorraad op 31 Julie 2016 | 35 | 120 | Nul |
| Verkoopprys per radio | R1 120 | R1 120 | R1 120 |
| Inkomste uit verkope gedeponeer | R201 600 | R44 800 | R81 760 |
| Advertering van radio's | R1 400 | R6 720 | R6 120 |
| Maandelikse salaris van verkoopsman | R7 000 | R7 500 | R7 500 |

**55**

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou